Verwysing: 20190408-3548
Lêernommer: 3/1/3/3
Navrae: Inbelsentrum

Omsendbrief: 0026/2019
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Kringbestuurders, Hoofde van alle opvoedkundige inrigtings en Voorsitters van beheerliggame

Kort opsomming: *Hierdie omsendbrief gee duidelikheid oor die minimum vereistes vir toelating tot die Nagraadse Onderwyssertifikate in die Grondslagfase en Intermediêre Fase asook die Nasionale Professionele Diploma in Onderwys.*

Onderwerp: Evaluering van kwalifikasies: Nagraadse Onderwyssertifikate in die Grondslagfase en Intermediêre Fase asook die Nasionale Professionele Diploma in Onderwys

1. Dit is onder die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) se aandag gebring dat verwarring kan ontstaan oor die bogenoemde kwalifikasies rakende die Wet op Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998).

2. Alle belanghebbendes word daaraan herinner dat alle opvoeders ingevolge die Wet op Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998) voldoende gekwalifiseerd moet wees om te onderrig.

3. Hierdie omsendbrief dien om duidelikheid te gee oor die minimum vereistes vir toelating tot die Nagraadse Onderwyssertifikate (NGOS) in die Grondslagfase en Intermediêre Fase asook die Nasionale Professionele Diploma in Onderwys (NPDO).

4. Die evaluering en erkenning van onderwyskwalifikasies vir indiensneming in onderwys word voorgeskryf in die volgende:

4.1 *Policy on the Minimum Requirements for Teacher Education Qualifications,* gepubliseer in *Staatskoerant* Nr. 34467 van 15 Julie 2011.

4.2 *Revised Policy on the Minimum Requirements for Teacher Education Qualifications,* gepubliseer in *Staatskoerant* Nr. 38487 van 19 Februarie 2015.

4.3 *Higher Education Qualifications Sub-Framework of the National Qualifications Framework,* gepubliseer in *Staatskoerant* Nr. 36721 van 02 Augustus 2013.

4.4 *Policy on Recognition and Evaluation of Qualifications for Employment in Education,* gepubliseer in *Staatskoerant* Nr. 40610 van 10 Februarie 2017.

5. Relatiewe Onderwyskwalifikasiewaardes (ROKW's) word toegeken aan aanvanklike kwalifikasietipes en kombinasies van aanvanklike, gevorderde en nagraadse kwalifikasies wat deur individuele opvoeders behaal word.

6. Die *Revised Policy on the Minimum Requirements for Teacher Education Qualifications*, gepubliseer in *Staatskoerant* Nr. 38487 van 19 Februarie 2015, stel spesifieke riglyne in plek vir die toelating van studente tot die Baccalaureus Educationis (BEd)- en NGOS en/of Voortgesette Professionele Ontwikkelingsprogramme by alle tipes inrigtings.

7. Die bogenoemde beleide is ook in ooreenstemming met artikels 1 en 2 van Hoofstuk B van die *Personnel Administrative Measures* (PAM), gepubliseer in *Staatskoerant* Nr. 39684 van 12 Februarie 2016, wat die minimum vereistes voorskryf, insluitende kwalifikasievereistes vir toegang tot spesifieke opvoederposte. Dit is nie van toepassing op opvoeders of dosente in die post-skoolsektor, Tegniese en Beroepsonderwys en Opleiding (TBOO)-, Onderwys en Opleiding vir Volwassenes (OOV)- of Gemeenskapsonderwys en Opleiding (GOO)-inrigtings nie.

8. 'n NGOS in die Grondslagfase of Intermediêre Fase wat ná 15 Julie 2011 verkry is, sal geëvalueer word volgens die voorskrifte en kriteria soos voorgeskryf in die Staatskoerante wat in hierdie omsendbrief genoem word.

9. Kwalifikasies wat voor 15 Julie 2011 verkry is, sal geëvalueer word volgens die voorskrifte en kriteria wat van toepassing is in die jaar waarin die kwalifikasie verkry is.

10. **Nagraadse Onderwyssertifikaat (NGOS): Grondslagfase**

10.1 Om in die Grondslagfase (graad R tot 3) te onderrig, word 'n erkende professionele onderwyskwalifikasie (480-krediet NKR-vlak 7 BEd-graad of 120-krediet NKR-vlak 7 Gevorderde Diploma in Grondslagfase-onderrig of NGOS in die Grondslagfase) vereis, ooreenkomstig paragraaf 3 van artikel 5 van die *Criteria for Recognition and Evaluation of Qualifications,* gepubliseer in *Staatskoerant* Nr. 40610 van 10 Februarie 2017.

10.2 Vir studente om aan die toelatingsvereistes van die **NGOS in die Grondslagfase se onderwysprogramme** te voldoen, en om in diens geneem te word om hierdie fase te onderrig, moet daar aan die volgende vereistes voldoen word:

10.2.1 Die vereistes soos uiteengesit in paragraaf 12.11 van die *Revised Policy on the Minimum Requirements for Teacher Education Qualifications,* gepubliseer in *Staatskoerant* Nr. 38487 van 19 Februarie 2015, verwys.

10.2.2 'n Studie van 'n volle akademiese graadkursus wat oor twee semesters strek, met minstens 30 krediete wat op NKR-vlak 5 voltooi is, word as voldoende beskou vir onderwys in Huistaal, Eerste Addisionele Taal, Wiskunde en Lewensvaardighede in die Grondslagfase vir die onderrig van lees, skryf en gesyferdheid en om sleutelbegrippe en -vaardighede te ontwikkel wat die basis lê vir leer in toekomstige fases.

10.2.3 **Vir die onderrig van Wiskunde:** Wiskunde, Toegepaste Wiskunde, Statistiek of Numeriese Analise.

10.2.4 **Vir die onderrig van Lewensvaardighede:** Sielkunde, Sosiologie, Filosofie, Politieke Wetenskap en Menslike Bewegingskunde of Arbeidstudies.

10.2.5 **Vir die onderrig van Tale:** Alle Grondslagfase-studente moet in Huistaalonderrig in een van die amptelike tale spesialiseer, tesame met Engels Eerste Addisionele Taalonderrig.

11. **Nagraadse Onderwyssertifikaat (NGOS): Intermediêre Fase**

Vir studente om aan die toelatingsvereistes van die **NGOS in die Intermediêre Fase (graad 4 tot 7) se onderwysprogramme** te voldoen, en in diens geneem te word om hierdie fase te onderrig, moet daar aan die volgende vereistes voldoen word:

11.1 Die vereistes soos uiteengesit in paragraaf 12.11 van die *Revised Policy on the Minimum Requirements for Teacher Education Qualifications*, gepubliseer in *Staatskoerant* Nr. 38487, gedateer 19 Februarie 2015, verwys.

11.2 'n Studie van die volgende vakke met minstens 30 krediete wat op NKR-vlak 6 in 'n voorgraadse graad voltooi is, word as voldoende beskou om Huistaal, Eerste Addisionele Taal, Wiskunde, Wetenskap en Tegnologie, Lewensvaardighede en Sosiale Wetenskappe in die Intermediêre Fase te onderrig. Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (EBW) word in graad 7 as 'n spesifieke vak onderrig en Intermediêre Fase-onderwyskwalifikasies moet 'n basiese studie van EBW-onderrig insluit.

11.3 **Vir die onderrig van Wiskunde:** Wiskunde, Toegepaste Wiskunde, Statistiek of Numeriese Analise. Alle Intermediêre Fase-studente moet 'n persoonlike begrip ontwikkel van die fundamentele wiskundige konsepte wat die Intermediêre Fase se Wiskundekurrikulum ondersteun.

11.4 **Vir die onderrig van Lewensvaardighede:** Sielkunde, Sosiologie, Filosofie, Politieke Wetenskap, Menslike Bewegingskunde of Arbeidstudies.

11.5 **Vir die onderrig van Wetenskap en Tegnologie:** Fisika, Chemie, Plantkunde, Biochemie, Meganika, Biotegnologie, Mikrobiologie, Voedsel en Klere en Meganiese/Elektriese Ingenieurswese verwante vakke.

11.6 **Vir die onderrig van Sosiale Wetenskappe:** Geskiedenis en Geografie.

11.7 **Vir die onderrig van Tale:** Alle Intermediêre Fase-studente moet in Huistaalonderrig in een van die amptelike tale spesialiseer, tesame met Engels Eerste Addisionele Taalonderrig. Benewens die vereistes om ten minste twee amptelike tale te onderrig moet die student ook spesialiseer in die onderrig van ten minste twee ander Intermediêre Fase-vakke vanuit die voorgenoemde leerareas.

12. Studente wat aan die bogenoemde voorwaardes voldoen wanneer hulle tot die NGOS in die Grondslagfase of Intermediêre Fase toegelaat word, moet dus vir indiensneming oorweeg word.

13. In gevalle waar daar nie aan die bogenoemde vereistes voldoen is nie, moet studente addisionele kursusse vir niegraaddoeleindes voltooi om ten volle te voldoen aan die vereistes en volle erkenning vir salaris- en ROKW-doeleindes vir indiensneming as opvoeders in openbare skole te ontvang.

14. Sodra die opvoeder bewus gemaak is van enige vereistes waaraan daar nie voldoen is nie, sal 'n tydperk van twee jaar vanaf die eerste geleentheid om te registreer, vir die toepaslike kursus(e) wat nodig is om aan die vereistes te voldoen, toegelaat word.

15. **Nasionale Professionele Diploma in Onderwys (NPDO)**

Die NPOD is spesifiek in plek gestel vir ongekwalifiseerde en ondergekwalifiseerde opvoeders wat by openbare skole onderrig het. Dit sluit in:

a) opvoeders wat oor onderwyskwalifikasies beskik wat laer as ROKW 13 geëvalueer is, maar wat ten minste vyf jaar se bewese/geverifieerde onderwyservaring gehad het toe hulle vir die NPOD ingeskryf het;
b) opvoeders wat oor gedeeltelik-voltooide voormalige kollege-kwalifikasies beskik, maar ten minste vyf jaar se bewese/geverifieerde onderwyservaring gehad het toe hulle vir die NPOD ingeskryf het; en
c) opvoeders wat ongekwalifiseerd was, maar wat ten minste vyf jaar bewese/geverifieerde onderwyservaring gehad het toe hulle vir die NPOD ingeskryf het.

16. Let asseblief daarop dat indien hulp benodig word met die evaluering van 'n NGOS in die Grondslagfase, NGOS in die Intermediêre of NPDO vir indiensneming, moet dit na die Direktoraat: Onderwyskwalifikasies en -Programme by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding verwys word.

17. Aansoeke sal elkeen afsonderlik geëvalueer word, en waar dit bevestig word dat 'n opvoeder nie vir permanente indiensneming oorweeg kan word nie, sal 'n brief uitgereik word om die opvoeder en die skool oor die pad vorentoe te adviseer.

18. Waar dit bevestig word dat 'n opvoeder vir permanente indiensneming oorweeg kan word, sal die besluit onderhewig wees aan:
    a) 'n vakante/befondsde pos wat beskikbaar is; en
    b) bevestiging van die opvoeder se bevredigende prestasie.

19. Opvoeders word daaraan herinner dat alle aansoekers wat vir geadverteerde poste aansoek doen, regverdig in die werwings- en keuringsproses moet meeding.

20. Verseker asseblief samewerking met die inhoud van hierdie omsendbrief en kommunikeer hierdie belangrike inligting aan alle opvoeders.

GETEKEN: BK SCHREUDER
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2019-06-17